Helderstem

Sondagaankondigings en Nuusblad vir Helderberg Gemeente 24 Junie 2018 Jr. 7 Nr. 23
www.nghelder.co.za - 021 851 5582 - kommunikasie@nghelder.co.za

Oorweldig deur Goliat



1 Samuel 17

As gelowiges bely ons dat die Here Jesus Christus ons vrede, ons lewe en ons hoop is. Trouens, ons gaan selfs so ver om te sê dat ons enigste troos in lewe en dood is om aan Jesus Christus te behoort. Maar daar is ook ‘n ander stem, ‘n arrogante stem wat ons uitdaag om te sê: Nee, my geluk word bepaal deur die grootte van my bankrekening, deur waar ek woon, deur dit wat ek doen en bereik het. Daardie stem daag ons uit om die teendeel te bewys, verkleineer ons met opmerkings soos: Dit is seker goed en wel om in die Here te glo, maar dit gaan jou nie ver bring nie; wat die toekoms verseker en hoop gee, is dit wat jy het. Jy koop geluk; jy ontvang dit nie. Ons word deur die stem oorweldig en staan soms verleë en bang voor hierdie stem.

Dit is eintlik waaroor 1 Samuel 17 gaan: Die heidendom wat uitdagend teenoor God se kinders gaan stelling inneem en sê: Kom vat ons aan! Die hartseer is dat God se kinders soos bangbroeke in hul tente gaan wegkruip. Saul is ook ten spyte van sy grootte bang om Goliat aan te vat. Hy het al lankal sy vertroue in God verloor. Die volk sit met die gesalfde van die Here in hul midde wat vra vir leiding, maar hy het nie die moed nie.

Gelukkig is daar ‘n Dawid wat proefondervindelik weet wat dit is om saam met God ‘n pad te loop. Hy het die moed om op te staan en te verklaar dat die oorlog aan die Here behoort en dat God die Filistyne in hul mag gaan oorgee. Dit gaan dus nie eintlik oor Goliat of Dawid nie, maar oor God wat veel groter as die magte van hierdie wêreld is.

Wie of wat is die Goliat in jou lewe wat jou oorweldig?

Sondag 24 Junie

1 Sam 17:32-49

08:00 - 11:00	Meditatief
08:30 Klassiek	Breda Ludik
10:00 Informeel	Danie O'Kennedy
Geen Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop Geloofsgem	Danie Möller
10:00 HB Village	Breda Ludik
10:30 Internas Studente	Die Khaya
Geen Tienerkerk	
19:00 Aandkerk	Lize van Wyk en Hannes Theron

Deurkollekte: Jan Kriel Instituut
021-903 0434
admin@jankriel.co.za

Kerkkantoor ure gedurende die skoolvakansie 25 Junie tot 13 Julie is van 08:00 - 13:00

Sondag 1 Julie

2 Sam 1:1, 17-27 en Mark 5:21-43

08:00 - 11:00	Meditatief
08:30 Klassiek (doop)	Hannes Theron
10:00 Informeel (doop)	Hannes Theron
Geen Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop Geloofsgem	Danie O'Kennedy
10:00 HB Village	Willie Goosen
10:30 Internas Studente	Die Khaya
Geen Tienerkerk	
19:00 Aandkerk	Lizette Louw

Bid saam met ons vir die volgende:

Helene Swart - kanker
Roenel Swart - ernstig siek
Desiré Groenewald - kanker
Annelize Kritzinger se pa, Hannes Jansen van Vuuren - kanker
Johannes Esterhuizen - beenmurg oorplanting
Elsabe Janse van Rensburg - hartomleidingsoperasie was sukses, dankie vir gebede
Erina Louw - ernstig siek
Danette Barnard - herstel na operasie
Christine Coetsee - hospitaal
Annalise Wiid - drukking op die brein

Rou

Hennie Harmse van Helderberg Village is oorlede. Ons dink aan sy vrou Mary en familie.

WiFi

Aanteken - NG-Guest
Wagwoord - DXey*we7

Wat gebeur die week:

Dinsdag 26 Junie
06:00 Gesels en bid vir ons land - Tent

Donderdag 28 Junie
18:45 Kantory oefen

Baie welkom aan die volgende nuwe lidmate:

Maggie Damp – Vanderbijlpark
Marina De Lange – Welgelegen (Stellenbosch)
Keith en Ronél Klose met hul kinders Alexander en Catelyn – De Eike (Kuilsrivier)
Daniel Pienaar – Vredendal
Luhanie Ehlers – Philadelphia

Meditatiewe diens

Gedurende die skoolvakansie sal die Kapel oop wees van 08:00 – 11:00. Daar sal by die ingang ’n program wees om jou te begelei. Word net stil en rustig voor die Here. Jy is ook welkom om voor of na een van die ander eredienste daar te gaan sit.

Ons doen dit as 'n proefneming en sal graag jou terugvoer wil hoor.

Prototipe vir dissipelvorming

Ons soek 4-12 mense wat tydens die derde kwartaal vir 10 weke saam op reis wil gaan (’n 2-uur sessie per week) met die doel om saam ’n prototipe te ontwikkel waarmee ons mekaar kan help om waarlik volgelinge (dissipels) van die Here Jesus Christus te wees.
Belangstellendes kan vir Hannes Theron kontak.

Hierdie pragtige skildery is geskenk om fondse in te samel vir die Versorignsfonds.
As jy belangstel om ‘n aanbod te maak, kontak vir Marie Kotzé by 072 433 0068

Bediening van die Woord

In Romeine 10:14-15 vra Paulus ‘n paar goeie vrae: Maar hoe kan 'n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie? En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek? En hoe kan iemand preek as hy nie gestuur is nie?

As gelowiges glo ons: **God roep mense**. God. God sluit mense in by sy Koninkryksplan. God gee en ontwikkel gawes. God gee verskillende gawes om saam die liggaam op te bou. God vorm mense tot geestelike- en persoonsvolwassenheid.

Binne die NG Kerk is ons geseën met uiters be-“gaaf”-de mense: Mense wat deur die Here geseën is met gawes, opleiding, kennis en ervaring; ook met mense wat graag medeverantwoordelikheid wil neem vir die bediening van die Woord. Hierdie geroepenes is natuurlik nie net predikante nie; elke gelowige is ‘n geroepene, gestuurde en ‘n sendeling.

Ons leef ook binne ‘n veranderende konteks waarin die eskalerende koste van voltydse, residensiële studie talle geroepenes verhinder om aan te meld vir teologiese opleiding. Terselfdertyd kan ‘n groeiende groep gemeentes nie voltydse bedienaars van die Woord of méér bedienaars van die Woord volgens die tradisionele bedieningsmodel bekostig nie. In Helderberg Gemeente benodig ons ten *minste 5 bedienaars* van die Woord om op ‘n Sondag die Woord te bedien, maar vir hoe lank is dit finansieel volhoubaar?

In die lig van bogenoemde is dit vir Helderberg Gemeente belangrik om ook gelowiges wat geroepe voel om die Woord te bedien, daarvoor toe te rus en daarin te begelei. Die eerste een wat daarvoor toegerus is, was Andre Westraat, die voorsitter van ons kerkraad. Lize van Wyk, ons kommunikasie-beampte het ook die kursus deurloop en gaan Sondagaand, 24 Junie 2018 tydens die Aandkerk om 19:00 haar intreepreek hê. Die kerkraad het alreeds by die ring van Somerset-Wes aansoek gedoen dat die kerkverband aan Andre Westraat die bevoegdheid gee om eredienste in Helderberg Gemeente te kan lei; so sal ons ook aansoek doen dat Lize van Wyk daardie bevoegdheid kan kry.

Dit is natuurlik nie ‘n uitsondering nie: Daar was heelwat gemeentes wat vroeër so gefunksioneer het en daar is tans heelwat gemeentes wat nie-gelegitimeerdes gebruik vir die bediening van die Woord.
Die opdrag wat die kerkraad van die Here ontvang het, is om onder andere gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus (Ef 4:12). Dit is ‘n voorreg om spesifiek hierdié pad met mense te kan loop.

Lidmate wat belangstel om hierin toegerus te word, kan enige van die leraars met die grootste vrymoedigheid kontak.

Daar is ook ander moontlikhede waarvoor jy toerusting kan ontvang: Standplaasleraars, tentmakerleraars en diensleraars. Kom gesels asseblief.

Borg ‘n sessie

Die beradingsentrum het jou hulp nodig. Aanmeldings groei van mense in emosionele nood. Vrywillige bydraes word gebruik om die bydryfskostes van die Beradingsentrum te help finansier.

HELDERBERG BERADINGSENTRUM
HULP · HOOP · HELING

Vir R50 kan jy ‘n sessie van iemand in nood borg.
Of R100 borg twee sessies of R150 borg drie sessies
of R200 borg vier sessies of R250 borg vyf sessies

Betaal asseblief in kerk se bankrekening (besonderhede op agterste bladsy) met verwysing: Beradingsentrum-borg

Kontak Meagin van der Westhuizen vir enige navrae by 021-851 5582 of berading@nghelder.co.za

Kaartjies by Ontvangs teen R20/ kaartjie of R200/ pakkie van 10

Belydenis van geloof

Nog twee geleenthede vir 2018



Persone wat graag hul lewende verhouding met Jesus Christus voor God en die gemeente wil bely word uitgenooi om dit by een van die volgende twee geleenthede te doen:

Sondag 12 Augustus en met die gesprek op 8 Augustus of
Sondag 28 Oktober en met die gesprek op 24 Oktober

Belydenisvorms kan op die gemeente se webblad afgelaai word en is ook beskikbaar by die kerkkantoor.

Navrae: Annette Botha by fbadmin@nghelder.co.za of 021-851 5582

Waar kan jy 'n verskil maak?

Hierdie waentjie was 'n skenking aan die **Dienssentrum**, wat dit graag wil verkoop vir fondse. R2 500 of naaste aanbod sal welkom wees.
Registrasiepapiere is in orde tot einde Desember.
Kontak vir Yolandé by 021-850 6911 of dienssentrum@nghelder.co.za

Helderberg UITREIK

Francé Ludik bied in Augustus 'n program aan by Jakes Gerwel Tegniese skool in Bonnievale en is op soek na **blokfluite en kitare**. Indien jy van joune by die huis wil ontslae raak, gee dit asseblief af by Ontvangs van die Kerkkantoor.

Die **Pêrelprojek** benodig die volgende kundiges om deel te word van die projekspan:
Kopieskrywer, grafiese ontwerper (desktop to print ontwerp) en 'n persoon wat oor Prezi vaardighede beskik.
Kontak asb vir Frederike by 076 177 6256 of frederikevanschalkwyk@gmail.com

Helderberg UITREIK

Gee ‘n kind ‘n kans

Jan Kriel Instituut bestuur die deernis en omgee van die Kerk (en ander persone) by Jan Krielskool, waar leerders met spesiale onderwys behoeftes gehelp word. Vyfhonderd-en-tagtig (580) kinders van graad R tot Matriek wat met verskeie gestremdhede moet saam leef o.a. weens disleksie, epilepsie, siektes, ongelukke en spesiale leerbehoeftes, kry hier spesialis onderwys.

Gemeentes en gelowiges se liefdegawes, donasies en borgskappe word deur die Instituut bymekaar gemaak en verantwoordelik aangewend. Die Vader se Voorsienigheid, Jesus se liefde vir kinders en gestremdes, die Gees se vorming en ons voorgeslagte se ywer (sedert 1937) is ons inspirasie.

Kom leef ons leuse en “Gee ’n Kind ’n Kans”

Word jy geraak deur dood, egskeiding of enkelouerskap?

Harmony projek begin vanaf Donderdag, 26 Julie met die volgende programme: **GriefShare; Single&Parenting; DivorceCare** en **DC4Kids.** Dit is ‘n 13 weke program wat elke week op Donderdae om 18:00 - 20:00 in die Tent plaasvind.

Die programme is inter-kerklik en is gegrond op Bybelse waardes wat volwassenes en kinders toerus en ondersteun wat geraak word deur die veranderinge in die familie struktuur. Ons eet en kuier gesellig vooraf saam vanaf 17:30 en gaan dan na die onderskeie groepe in verskillende lokale. Enigeen is welkom, ook nie-lidmate

Gaan lees gerus meer van die programme: **http://www.churchinitiative.org/** of neem ‘n brosjure by die kerkkantoor. Moenie alleen hierdie pynlike pad loop nie – daar is mense wat verstaan en jou kan ondersteun.

Kontak ons ook gerus as jy op ‘n ondersteunende manier wil betrokke raak as donateur of adviseur.
Navrae aan harmonyhelderberg@gmail.com of kontak Annette Botha by 072 189 9360

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 (tjek)
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing Naam of bediening
Navrae Antoinette du Toit
021- 851 5582

Helderberg Uitreik
Bankbesonderhede vir Art 18A.
ABSA Helderberg Tak: 632005
Rek nr. 9114483080
Spaarrekening
Verwysing: Projeknaam of WBB

Kerkkantoorure
Weeksdae: 08:00 - 19:00
Vrydae: 08:00 - 13:00
Sondae: 08:30 - 11:30
Skoolvakansie: 08:00-13:00

Helderberg NG Gemeente
021 851 5582
www.nghelder.co.za
Leraarnoodnommer
083 988 2003
ontvangs@nghelder.co.za
Beradingsentrum:
Telefoon: 079 417 3863
berading@nghelder.co.za

SnapScan

Helderberg Gemeente

SnapScan

Helderberg Uitreik
Artikel 18A

Versorgingsfonds, ons is dankbaar vir ondersteuning

Gesinne in nood in ons gemeente word finansieel en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun.
Dankie vir getroue bydraes.

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 - tjek
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing *Versorgingsfonds*